**DEPARTEMENT VAN KUNS EN KULTUUR**

**NO. 863** **29 JULIE 2016**

## OPROEP OM NOMINASIES VAN LEDE OM TE DIEN IN DIE PAN-SUID-AFRIKAANSE TAALRAAD (PanSAT)

Die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (PanSAT) ("die Raad") is ingestel ingevolge die Wet op die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad, 1995 (Wet No. 59 van 1995) ("die Wet"), om die uitvoering van veeltaligheid te moniteer en te beoordeel en voorheen gemarginaliseerde tale te bevorder en te ontwikkel.

Die Minister van Kuns en Kultuur nooi hiermee, ooreenkomstig artikel 5(3)*(a)* van die Wet, lede van die taalgemeenskap en die publiek om persone te benoem om in die Raad te dien.

Die benoemdes moet Suid-Afrikaanse burgers wees en oor 'n breë begrip van en ervaring in die veld van taal beskik, in die breë verteenwoordigend wees van die verskeidenheid van die gebruikers van die amptelike tale, en oor taalkennis beskik. Die benoeming van persone met regskundigheid of kundigheid in finansiële of korporatiewe bestuur of in enige aangeleentheid wat die Raad in staat sal stel om sy verpligtinge na te kom, word ook aangemoedig.

Enigiemand wat persone wil benoem om in die Raad te dien, moet die volgende dokumente by die Departement van Kuns en Kultuur (besonderhede hieronder) indien:

(a) 'n Brief wat die volledige name, adresse en telefoonnommers van die benoemer en die benoemde bevat, en wat die redes vir die benoeming meld;
(b) 'n Bygewerkte curriculum vitae van die benoemde, insluitende die name en kontakbesonderhede van drie referente; en
(c) 'n Kort verklaring, wat deur die benoemde onderteken is, wat sy of haar geskiktheid vir aanstelling verduidelik.

Die benoemings moet ingedien word by die Ad hoc-komitee: PanSAT-benoemings, Privaat Sak X897, Pretoria, 0001, of ge-e-pos word aan pansalbnominations@dac.gov.za. Die sluitingsdatum vir die benoemings is 21 Augustus 2016.

**Kontakpersoon: Mnr. Sibusiso Tsanyane, Tel. 012 441 3492**